Van Zyl nuus

Liewe familie en vriende 10 Augustus 2011 (no. 29)

Ons het ’n vreeslike bedrywige 3 maande agter die rug vandat julle laas van ons gehoor het! Ek is bevrees dat my beleid om altyd ons nuusbrief in slegs twee bladsye in te pas, in die gedrang is! Maar kom ek probeer!

Erik se ma het vir ons kom kuier uit Bonnievale – die Vrydag wat ons haar by die bus gekry het, het my netbalspan sommer ook ’n toernooi by Windhoek Gimnasium gespeel. Die Vrydagaand het Klara en Magdaleen gesing by Kurt Darren se “pre-show”. So probeer ons maar ons ritte Windhoek toe kombineer sodat ons nie te veel hoef te ry nie.

Vanaf 25 tot 26 Mei het prof Jurgens Hendriks se sendingnavorsingspan *Kunene vir Christus* op Outjo kom besoek. Behalwe vir Frederick Marais wat die fasiliteerder was, was daar nog 3 ander teoloë uit SA en 4 leraars uit Zimbabwe asook ’n hele groep van die NG kerk Opuwo, waaronder ds Jason Gambue en Boas. Dit was ’n onvergeetlike ervaring om mekaar se geloofsverhale aan te hoor en oor kultuurgrense heen by mekaar te leer en te beleef ons is broers en susters deur die bloed van Jesus!

Vanaf 1 tot 4 Junie is ons Tsumeb toe vir die jaarlikse Privaatskole Saamtrek. Behalwe dat ons BAIE koud gekry het, het ons dit baie geniet – die kinders het deelgeneem aan rugby, netbal, krieket, vasvra en redenaars.

Vanaf 5 tot 9 Junie het Erik die Pinksterdienste in die NG Kerk Omaruru waargeneem. <u>*Terug na Pinkster*</u> was die tema van die dienste. Die fokus was op die Heilige Gees wat ons harte vul met die vuur van God, heel gepas, want dit was die koudste winter in Namibië in jare. Die pastorie se gasvryheid saam met al die kuiertjies by die gawe mense van Omaruru het vir Erik en sy ma ’n kykie gegee in die werk en leefplek van die lang dominee van Omaruru met die warm hart, ds Jaco Rossouw en sy vrou Ina-Marie. Dit was goed!

Jaco en Ina-Marie Rossouw

Ouma Magdaleen

Seppie en Elouwna

Vanaf 15 tot 19 Junie was Frederick in Benoni saam met die Namibiese o.13 krieketspan. Dit was die eerste keer dat hy alleen op ’n toer so ver van die huis gegaan het. Ons is baie trots op hom en hy het baie goeie ondervinding opgedoen. Frederick het die 19de, die dag wat hy van Benoni teruggekom het, by die o.13 Namibiese Cravenweekspan in Windhoek aangesluit vir ‘n oefenkamp. Hulle het die 23ste Junie Pretoria toe vertrek waar die Cravenweek by Affies aangebied is. Terselfdertyd was Klara (o.19) en Magdaleen (o.17) in Windhoek vir die Namibiese netbaloefenkamp. Hulle het die 25ste Junie Rustenburg toe vertrek vir die SA netbalkampioenskappe. Ek en Erik is ook Pretoria toe waar ons by sy neef Riaan en Ronel Du Rand tuisgegaan het. Omdat Rustenburg naby aan Pretoria is, kon ons tussen Frederick se rugby deur vir ’n dag die dogters se netbal ook gaan kyk. Magdaleen se span het besonder goed gevaar – 10 wedstryde gespeel, 9 gewen en 1 met 1 doel verloor!!

Frederick Cravenweek

Magdaleen

Klara

4 Julie vertrek Erik saam met die Napier-Riviersonderend span onder leiding van Marius Swart as leier na Kaokoland, vanjaar die 14de keer – die Here is getrou! Erik vertel: Elke aand is die Jesus-film gewys altesaam vir tussen 500 en 600 mense vir die hele uitreik. Die span se deeglike voorbereiding met ds Kobus Pretorius en Johan Barnard aan die spits, tesame met oop deure by 7 skole sowel as die kinders se honger harte vir die evangelie, bevestig dat ons weer moet kom. Die erns van Himbagelowiges se liefde vir die Here het ons weereens verras: By Onjuva wou almal bybels hê. Een Himbavrou, Mukumbua, was bereid om 'n skaap te gee, sy het haar Bybel gekry! By Ondjie en Okaanga is ons verras: Tjise, Uazuko, Kauhonekwa, Namajehi, Kazondundu….was nie daar nie, hulle was op 'n sendinguitreik om Jesus met hul eie mense te deel! Bid vir hulle, want die tradisionele himbas noem hulle die malles! Bid ook vir Langman Muhenje, 'n hoofman by Otjitanda, dat God sy hart sal aanraak. Hy het ons hartlik en gasvry ontvang.

Mukumbua kry haar Bybel!

Napier/Riviersonderend Span

Skole-besoek

Klara en Magdaleen is na die *Suid-Afrikaanse Kampioenskappe vir Uitvoerende Kunste* in die Namibiese span opgeneem om in Los Angeles aan die Wêreldkampioenskappe te gaan deelneem. Ons het reeds die 19de Mei aansoek gedoen vir hul VSA-visums, maar dit is eers die 6de Julie goedgekeur! Hulle het hul paspoorte die 8ste Julie ontvang en die 9de Julie het hul gevlieg! Ons is regtig deur 'n moeilike tyd met die wag, maar die Here het werklik 'n wonderwerk gedoen en hulle het hul paspoorte met die VSA visums in, NET-NET betyds ontvang. Vanaf 9 tot 27 Julie was hulle weg na Los Angeles vir 'n onvergeetlike ervaring. Behalwe vir besoeke aan Disneyland, Universal Studio's en al die "shopping", het hulle 'n ou vriendin, Jessica, weer gesien. En dan natuurlik hul deelname aan die Kampioenskappe – Klara het 3 dramastukke gedoen, Magdaleen 2 en hulle het 5 duette gesing. Ons is baie trots op hulle en hulle het sowaar onderskeidelik 7 en 4 medaljes teruggebring Namibië toe! Ons is baie dankbaar teenoor die Here dat hulle na BAIE ure in die lug, veilig teruggekom het!

Hollywood!

Duet : The Rose

Team Namibia

Vanaf 21 tot 24 Julie het *Bianca and Friends*, 'n gesin wat sangbediening doen, hier by ons tuisgegaan en op Outjo bedien. Dit was vir ons tot seën om hulle beter te leer ken en ook hulle stories te hoor van hoe die Here vir hulle sorg en onderneem!

Erik het die afgelope 3 Sondae in die NG Kerk Outjo gepreek – 'n kort reeks oor die volk Israel oppad na die beloofde land. Goeie vriende van Napier, Seppie en Elouwna Morkel, het vinnig kom inloer! Dit was heerlik om weer saam te kuier!

Terug by die harde werklikheid - die kinders is tans besig met eksamen nadat hulle **baie** skool gemis het: bid asseblief vir hulle! Die skool sluit DV die 17de Augustus waarna ons as gesin vir 'n week Kaokoland toe gaan.

Groete uit 'n stadig-maar-seker-warmer-wordende Outjo!

Liefde

Erik, Hester, Klara, *Magdaleen* en Frederick